GODSDIENS IN VOORTREKKERPRAKTYK

Kursusvoog – Willem Boshoff

AKTIWITEIT 1: GROEPDINAMIESE PROSES

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger in te skakel by die groot sowel as die kleingroep.

STANDAARDE

(a) Dat alle kursusgangers mekaar leer ken.
(b) Dat die kursusganger die doelwitte van die kursus begryp en die metode van aanbieding verstaan om dit in span- en kommandoverband toepaslik te gaan maak.

AKTIWITEIT 2: BEGRONDING: DIE VOORTREKKER ABC

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger bewus te maak van Christenskap as een van die drie bene waarop die Voortrekkers staan.

STANDAARDE

(a) Dat die kursusganger die Voortrekker ABC begryp en sinvol kan verduidelik.
(b) Dat die kursusganger sal verstaan watter rol godsdiens speel in die lewe van Penkoppe en Drawwertjies (jong kinders), Verkenners (tieners), Staatmakers (jong volwassenes) en volwasse mense.

AKTIWITEIT 3: DIE BYBEL AS BRONDOKUMENT VAN DIE CHRISTENDOM

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger bewus te maak van die Bybel as ‘n Biblioteek vol verskillende boeke.

STANDAARDE

(a) Dat die kursusganger die aard en gesag van die Bybel, as God se Woord in mensetaal, sal verstaan.
(b) Dat die kursusganger sal kennis neem van die verskille tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament.
(c) Dat die kursusganger die wordingsgeskiedenis van die Bybel as ‘n versameling geskrifte in breë trekke sal begryp.
(d) Dat die kursusganger sal kennis neem van die ryk verskeidenheid literatuursoorte in die Bybel.
(e) Dat die kursusganger sommige van die literatuursoorte in die Bybel sal kan herken, uitwys en verduidelik.
(f) Dat die kursusganger sal kennis neem van die brondokumente van ander godsdienste: bv. die Tenakh, Misjna en Talmoed vir die Jode, die Qur`an vir die Muslims, die Bhagavat Gita vir die Hindoes.

AKTIWITEIT 4: VERTALINGS VAN DIE BYBEL

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger bewus te maak van die talle vertalings van die Bybel, sedert die vroegste jare.

STANDAARDE

(a) Dat die kursusganger sal kennis neem van die vroegste vertalings van die Bybel, soos die Septuaginta (Griekse Ou Testament uit Hebreeus) en die Vulgata (Latynse Bybel uit Hebreeus en Grieks)
(b) Dat die kursusganger sal kennis neem van die Bybelvertalings van die Reformasie in die mense se spreektaal, soos die Luther Bibel in Duits, die King James Version in Engels en die Staten Vertaling in Nederlands.
(c) Dat die kursusganger sal kennis maak met verskillende Afrikaanse Bybelvertalings.
(d) Dat die kursusganger sal verstaan waarom verskillende vertalings in dieselfde taal voorkom en wat die nut daarvan is.

AKTIWITEIT 5: DIE BYBEL IN DIE AFRIKANERVOLKSLEWE

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger bewus te maak van die Bybel se rol in die geskiedenis, taal en kultuur van die Afrikanervolk.

STANDAARDE

(a) Dat die kursusganger sal kennis neem van die voorgeskrewe formuliergebed wat Jan van Riebeeck voorgelees het by die vestiging aan die Kaap.
(b) Dat die kursusganger sal kennis neem van die Bybel se rol as bron van geloof, algemene kennis en geletterdheid tydens die Witmense se verspreiding na die binneland en veral tydens die Groot Trek.
(c) Dat die kursusganger sal kennis neem van gebruike soos Boekevat of huisgodsdiens op die plase en tydens die Anglo-Boereoorlog.
(d) Dat die kursusganger moderne debatte oor die Bybel sal kan beoordeel.
(e) Dat die kursusganger die rol van die Bybel in die ontwikkeling van Afrikaans sal leer ken.
(f) Dat die kursusganger ‘n lys van frases en spreekwoorde wat hulle oorsprong in die Bybel het, sal kan maak en verduidelik.

AKTIWITEIT 6: GODSDIENSTIGE FEESTE

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger bewus te maak van die feit dat gereelde feeste ‘n groot rol in die Christelike kerkjaar wêreldwyd en in die Afrikaner volkslewe speel.

STANDAARDE

(a) Dat die kursusganger sal kennis neem en die herkoms verstaan van die groot Christelike feeste wat deur alle Christene wêreldwyd gevier word, soos Paasfees, Hemelvaart en Pinkster.
(b) Dat die kursusganger sal kennis neem en die herkoms verstaan van die Christelike feeste wat op verskillende tye deur verskillende Christelike tradisies gevier word, soos Kersfees / Epifanie.
(c) Dat die kursusganger sal bewus word van die unieke aard vir Afrikaners van ‘n fees soos Geloftedag, wat op Versoeningdag gevier word.

AKTIWITEIT 7: VERSKEIDENHEID ONDER CHRISTENE IN SUID-AFRIKA

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger bewus en sensitief te maak vir die verskeidenheid opvattings wat al hoe meer in kerke en geloofsgemeenskappe onder Afrikaners voorkom.

STANDAARDE

(a) Dat die kursusganger begrip sal hê vir die bestaan van verskille tussen Christene, ten opsigte van geloofsuitlewing, sang en gebed.

(b) Dat die kursusganger sal kennis neem van veranderinge op die kerklike toneel wat oor die afgelope twee dekades ingetree het en wat steeds gebeur.
(c) Dat die kursusganger die veranderinge sal kan verstaan en in terme van sy eie gemeenskap, kommando, dorp, stad of omgewing sal kan beskryf.

AKTIWITEIT 8: GEESTELIKE MUSIEK

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bewus te maak en in te lig oor die rol en ontwikkeling van die Afrikaner se geestelike musiek.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger sal kennis neem van die rol van musiek en sang in die Bybel.
(b) Dat die kursusganger sal verstaan hoe belangrik geestelike musiek is in die jeug se uitlewing van hulle godsdiens.
(c) Dat die kursusganger sal kennis neem van die jeug se eiesoortige spiritualiteit.
(d) Dat die kursusganger ingelig sal wees oor tradisionele sowel as moderne vorme van geestelike musiek.

AKTIWITEIT 9: GODSDIENS IN DIE ALLEDAAGSE VOORTREKKERLEWE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bewus te maak daarvan dat godsdiensbeoefening ‘n sentrale rol in die alledaagse Voortrekkerlewe behoort te speel.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger sal nadink oor die rol van godsdiens in span- en kommandoverband.
(b) Dat die kursusganger sal kennis neem van verskillende Christelike tradisies wat onder Afrikaners voorkom.
(c) Dat die kursusganger sal nadink oor die hantering van kinders wie se godsdienstige styl verskil van sy/haar eie styl.
(d) Dat die kursusganger sal kennis neem van die Christelike norme van liefde en verdraagsaamheid wanneer ander van hulle verskil.
(e) Dat die kursusganger sal kennis neem van standpunte en strominge wat die wese van die Christelike lewe kan ondermyn.
(f) Dat die kursusganger sinvol sal kan gesels oor sy/haar eie geloofsoortuigings.

AKTIWITEIT 10: GELOOFSONTWIKKELING BY KINDERS

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger toe te rus met die nodige kennis oor die ontwikkeling van geloof by kinders.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger die verskillende fases in die vorming van kinders se geloof sal ken.
(b) Dat die kursusganger sal kennis neem van die invloed wat die ontwikkelingsfases van tieners het op die vorming van hulle geloof.
(c) Dat die kursusgangers toegerus sal word om ‘n atmosfeer te skep waarin geloofsgroei by kinders kan plaasvind.
(d) Dat die kursusgangers bewus sal wees van die rol van gebed in kinders se persoonlike geloofslewe en in die spanverband.

AKTIWITEIT 11: AFSLUITING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursus op 'n gepaste wyse af te sluit.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger die kursus in sy geheel en die onderskeie aktiwiteite evalueer.
(b) Dat die kursus op 'n gepaste Voortrekkerwyse afgesluit word.